## 23.8 RAPPORT 3: DEPUTATE PUBLIKASIES – KERKLIKE TYDSKRIFTE – *GEREFORMEERDE VROUEBLAD* (Artt 147, 149, 185)

## 23.8 REPORT 3: DEPUTIES PUBLICATIONS – CHURCH MAGAZINES – *GEREFORMEERDE VROUEBLAD* (Arts 147, 149, 185)

A. Ds JG Ehlers stel die Rapport.
Rev JG Ehlers tables the Report.

B. Vir die algehele besluit oor *Gereformeerde Vroueblad,* kyk die besluite by 23.6, Rapport 1, Deputate Kerklike Tydskrifte.
For the overall decision on *Gereformeerde Vroueblad*, see the decisions at 23.6, Report 1, Deputies Church Magazines.

C. **RAPPORT / REPORT**

| | |
|---|---|
| **1. Inleidend**<br>Die *Gereformeerde Vroueblad* word uitgegee onder toesig van die Deputate Kerklike Tydskrifte van die GKSA met die hulp van 'n Redaksiekommissie.<br><br>**Besluit: Kennis geneem.** | **1. Introduction**<br>Die *Gereformeerde Vroueblad* is published under the supervision of the Deputies Church Magazines of the GKSA, aided by an Editorial commission.<br>**Decision: Noted.** |
| **2. Doelstellings**<br>2.1 Die *Gereformeerde Vroueblad* is Skrifgetrou.<br>2.2 Die *Gereformeerde Vroueblad* wil die geloofsgemeenskap tussen die susters van die GKSA landswyd bevorder.<br><br>2.3 Die *Vroueblad* beoog om met die nuwe digitale uitgawe meer gelowiges wêreldwyd te bereik.<br>2.4 Die *Vroueblad* bied:<br>2.4.1 Geestelike verryking en verdieping<br>2.4.2 Vars gemeentenuus<br>2.4.3 Artikels wat prakties gerig is op vrouens se geloofslewe van elke dag.<br>**Besluit: Punte 2.1 tot 2.4.3 kennis geneem.** | **2. Objectives**<br>2.1 Die *Gereformeerde Vroueblad* is Scripturally faithful.<br>2.2 Die *Gereformeerde Vroueblad* seeks to promote spiritual fellowship among the sisters of the GKSA countrywide.<br>2.3 Die *Vroueblad* aims to reach more believers across the country with the new digital issue.<br>2.4 Die *Vroueblad* offers:<br>2.4.1 spiritual enrichment<br>2.4.2 current church news and<br>2.4.3 articles that are relevant to women's daily faith life.<br>**Decision: Points 2.1 to 2.4.3 noted.** |
| **3. Samestelling van Redaksie 2018-2023**<br>Die Redaksiekommissie van Die *Gereformeerde Vroueblad* bestaan uit die volgende lede: Mevv Cobie Steyn (voors), Annamie Odendaal (Ondervoorsitter en Sub-Redakteur), Marlette van Rooyen (sekr), Grietjie Prinsloo, Stephanie Hibbert, Karien Brink en ds Karel Steyn.<br><br>**Besluit: Kennis geneem.** | **3. The Editorial Team 2018-2023**<br>The members of the Editorial commission of Die *Gereformeerde Vroueblad* are the following: Mses Cobie Steyn (c), Annamie Odendaal (vice-chairperson and sub-editor), Marlette van Rooyen (secr), Grietjie Prinsloo, Stephanie Hibbert, Karien Brink and Rev Karel Steyn.<br>**Decision: Noted.** |
| **4. Uitvoering van opdrag**<br>4.1 *Werkswyse*<br>4.1.1 Die Redaksie handhaaf die werksverdeling wat aan elke spesifieke | **4. Execution of task**<br>4.1 *Methodology*<br>4.1.1 The Editorial staff upholds the work division assigned to each |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Redaksielid toegeken is. Annamie Odendaal is in Griet Swanepoel se plek as Assistent-Redakteur aangewys en sy help baie met die werwing van skrywers vir artikels. Ds Johan Botha het as Redaksielid uitgetree en in sy plek is Ds Karel Steyn deur die Redaksiekommissie aangewys om die Redaksie van teologiese raad te bedien. Hy skryf ook van tyd tot tyd vir ons IN DIEPTE-artikels. Grietjie Prinsloo, in samewerking met ons sekretaresse, Marlette van Rooyen, behou steeds haar opdrag om ons *Facebook*blad en Webwerf te hanteer. Grietjie Prinsloo en Marlette Van Rooyen se verantwoordelikhede het groter geword vanweë die feit dat die blad sedert Julie 2021 slegs digitaal uitgegee word. | | specific staff member. Annamie Odendaal replaced Griet Swanepoel as assistant editor and she helps a great deal with gaining writers for articles. Rev. Johan Botha stepped down as editorial staff member and the editorial commission appointed Rev. Karel Steyn to furnish the editorial staff with theological advice. He also contributes to the IN DIEPTE (IN DEPTH) articles from time to time. Grietjie Prinsloo, in cooperation with our secretary, Marlette van Rooyen, continues to manage our *Facebook* page and website. Their task has grown since the magazine started being published only in digital form July 2021. |
| 4.1.2 | Die beplanning van die blad en sake wat die blad raak, word gesamentlik gedoen deur middel van virtuele vergaderings. | 4.1.2 | Planning of the magazine and matters related to the magazine are done collectively through virtual meetings. |
| 4.1.3 | Die Redaksie het vanweë ons geografiese verspreiding al lankal digitaal vergader, daarom kon ons tydens die Covid-19-pandemie maklik voortgaan met ons digitale vergaderings, *WhatsApp*-groep en Elektroniese saampraatgeleenthede (d.m.v. e-posse). | 4.1.3 | Due to geographical distance the Editorial staff have been meeting digitally long before the advent of the Covid-19 pandemic and could simply continue with our digital meetings, *WhatsApp* group and electronic discussions (via e-mail). |
| 4.1.4 | Vergaderings/telefoonkonferensies van die Deputate Kerklike Tydskrifte, soos van tyd tot tyd geskeduleer, is deur mev Steyn bygewoon. Die Redaksie stel voor dat die Sinode in die toekoms die vergunning maak dat twee lede van die Redaksiekommissie van Die *Gereformeerde Vroueblad* sal deel uitmaak van die Deputategroep Kerklike Tydskrifte. Dit is net meer prakties en verteenwoordigend, aangesien die ander Kerklike Tydskrifte altyd twee persone het wat op die Deputaatskap dien. Dit bevorder die verantwoordbaarstelling van die Redakteur teenoor die Redaksiekommissie van Die *Gereformeerde Vroueblad*. | 4.1.4 | Meetings/telephone conferences of the Deputies Church Magazines, as scheduled from time to time, were attended by Mrs. Steyn. The editorial staff suggest that the Synod makes the exception in future of allowing two members of the editorial commission of the Die *Gereformeerde Vroueblad* to become members of the Deputies Church Magazines. It is not only more practical and representative, since the other Church Magazines always have to members serve as Deputies. It promotes the accountability of the editor to the editorial commission of the Die *Gereformeerde Vroueblad*. |
| 4.1.5 | Die Redaksie het besluit (vergadering 14 Mei 2022) dat die blad sedert Julie 2021 slegs tweemaandeliks sal | 4.1.5 | The Editorial staff decided (meeting on 14 May 2022) that as of July 2021 the magazine will |

| | |
|---|---|
| verskyn (sien uitbreiding oor die werkswyse en implementering van hierdie besluit onder pt. 4.4.2.1-4.4.2.2. | only appear every second month (further explanation of the methodology and implementation of this decision under pt. 4.4.2.1-4.4.2.2.) |
| 4.2 *Tegniese versorging* | 4.2 *Technical appearance* |
| 4.2.1 Die voorblaaie en bladuitleg word – in noue samewerking met die Redakteur – gedoen deur ons professionele bladuitlegkunstenaar, Karien Brink. Die Redakteur – met een of twee Redaksielede wat haar wanneer nodig bystaan – is verantwoordelik vir die taalversorging, proefleeswerk en persklaarmaking van die blad. | 4.2.1 The covers and page layout are done – in close collaboration with the editor – by our professional layout artist, Karien Brink. The editor – with one or two colleagues who assist her, when necessary – is responsible for the language editing, proofreading and printing preparation of the magazine. |
| 4.2.2 Die Redaksiekommissie het op sy vergadering van 14 Mei 2022 goedgekeur dat ons Mnr Kevin Redell nader om ons webwerf uit te bou sodat alle intekenare direk op ons webblad inteken op die Vroueblad. Sien verdere bespreking onder punt 4.4.2.3. oor die werkswyse en praktiese implementering hiervan. | 4.2.2 The editorial commission approved at its meeting of 14 May 2022 the initiative to approach Mr Kevin Redell to develop our website that all subscribers may log in directly on our website (see further discussion over the methodology and practical implementation of this under pt. 4.4.2.3.). |
| 4.2.3 Die Redaksiekommissie word geadviseer deur 'n Gereformeerde Lidmaat (kundige op rekenaar- en webbladgebied wat dit vir ons gratis doen) om ons te help met die voorkoms, bemarking en versorging van die webblad. | 4.2.3 The Editorial commission has been advised by a Reformed member (computer and website expert who does so free of charge) to aid us with the appearance and marketing of the website. |
| 4.3 *Inhoud van die blad* | 4.3 *Content of the magazine* |
| 4.3.1 Die *Gereformeerde Vroueblad* bevat tweemaandelikse rubrieke gerig op die gelowige vrou, wat die volgende insluit: IN DIEPTE-artikels wat die gekose tema vir die maand Skriftuurlik begrond; Gemeente- Mosaïek – wat vertel wat gebeur met ons susters in die onderskei gemeentes; Sielsdinge – hanteer deur 'n Christen-sielkundige; en ons Assistent-Redakteur doen hier kosbare werk om vrouens in gemeentes te soek wat die gawes het om self die IN DIEPTE-artikels kan skryf. Die LEEFDINGE-ARTIKELS pas die IN DIEPTE-artikels prakties toe in ons lewens van elke dag. Dan is daar ook nog 'n ligter skets, TEKS & VERS; LEESDINGE (waarin Christelike lektuur geresenseer word), HARTSKATTE en KALEIDOSKOOP, daar is ook nou 'n VERVOLGVERHAAL (met 'n | 4.3.1 *Die Gereformeerde Vroueblad* contains bimonthly rubrics directed at the Christian woman, which includes the following: IN DIEPTE (IN-DEPTH) articles that Scripturally substantiates the chosen theme for the month; Gemeente Mosaïek – that relates current events among the sisters of the different churches; Sielsdinge – led by a Christian psychologist; and our assistant editor does the precious work of seeking out women in the churches with the gift of writing IN DIEPTE articles. The LEEFDINGE (LIFE THINGS) Articles practically applies the IN DIEPTE articles to our everyday lives. Then there is also a lighter sketch, TEKS & VERS (Text & |

| | |
|---|---|
| Christelike fokus) wat verskyn. | Verse); LEESDINGE (Christian book reviews), HARTSKATTE (Heart Tresures) and KALEIDOSKOOP (Caleido-scope). Now there is also a SERIAL STORY (with a Christian focus). |
| 4.3.2 Rubrieke moet gereeld afgewissel word en vars bly om die hedendaagse leser se aandag te behou. Ons is ook dankbaar om te kan sê dat ons ‘n aantal jong skrywers gekry het om vir ons te skryf. Dit verseker immers die toekoms van die blad. | 4.3.2 Rubrics must be varied and remain current to hold the modern-day reader’s attention. We are also glad to say that we have gained a number of young writers to write for us. It is for sure the future of the magazine. |
| 4.4 *Kommunikasie, reklame en bemarking* | 4.4 *Communication, advertising and publicity* |
| 4.4.1 Die Redaksie streef daarna om goeie kommunikasie met die lesers te handhaaf en uit te bou. Ons beoog ‘n maandelikse gratis Nuusbrief direk van die Webblad af vir lidmate (en ander gelowiges wat belang stel en aansluit as Vriende van die Vroueblad). Tot op datum het daar nog net een so ‘n maandelikse Nuusbrief verskyn en die Redaksie sal dringend hieraan aandag moet gee. | 4.4.1 The Editorial staff to uphold and further develop good communication with readers. We aim to publish a free monthly newsletter for members (and other believers who are interest and will join as friends of *Die Vroueblad*). Only one such monthly newsletter has appeared to date and the editorial staff need to urgently attend to this. |
| 4.4.2 Soos in ons vorige Rapport aan die Sinode vermeld, het ons nie in 2018 die saak om oor te skakel na elektronies uitgawe bespreek nie, maar omstandighede (dalende intekenaartal en nog ‘n net ‘n beperkte Vrouebladfonds om die plan in werking te stel) het ons genoop om die saak te bespreek. Uiteindelik het ons op ons vergadering van 14 Mei 2020 vasgemaak dat: | 4.4.2 As mentioned in our previous Report to the Synod, we did not discuss the matter of transitioning to an edition in 2018, but circumstances (declining subscription and a too tight *Vroueblad* fund implement the plan) kept us from addressing the matter. Eventually we make to the following decisions at our 14 May 2020 meeting: |
| 4.4.2.1 Die blad van die boekjaar Julie 2020–Junie 2021 net tweemaandeliks uitgegee sal word en wel nog in gedrukte formaat; | 4.4.2.1 The magazine of the financial year July 2020–June 2021 will only be issued on a bi-monthly basis and still in hardcopy format. |
| 4.4.2.2 Dat ons in genoemde tyd ons lesers gedurende genoemde boekjaar in punt 4.4.2.1 sal voorberei dat die blad van die volgende boekjaar, naamlik Julie 2021 slegs digitaal in ‘n professionele digitale formaat sal verskyn teen ‘n laer bedrag as die gedrukte formaat; | 4.4.2.2 We will inform our readers during the above financial year (4.4.2.1.) that as of the next financial year (July 2021) the magazine will only be available in a professional digital format at a lower cost as the hardcopy edition. |
| 4.4.2.3 Dat die vergadering vir Mnr Kevin Redell se kwotasie om die webwerf op te dateer en elke twee maande die blad in ‘n professionele digitale | 4.4.2.3 The meeting will accept the quotation of Mr Kevin Redell to update the website and to convert the magazine every |

| | |
|---|---|
| tydskrif sal omskakel (soos wat tydskrifte soos die Rooi Rose en Sarie e.d.m. lyk – nie net 'n lae resolusie PDF-formaat soos voorheen deur die Buro versprei nie) aanvaar; | two months into a professional digital magazine (as magazines such as Rooi Rose and Sarie, etc appear – not just a low-resolution PDF document as previously distributed by the bureau). |
| 4.4.2.4 Dat ons alle platforms soos *Facebook* (wat alreeds bestaan) en die webwerf en Die Buro sal gebruik om die nuwe formaat aan ons lesers bekend te stel. | 4.4.2.4 We will use all platforms, such as *Facebook* (already in place), the website and the Bureau, to introduce the new format to our readers. |
| 4.4.2.5 Dat ons 'n skakelsuster in elke gemeente gaan aanwys om hierdie nuwe manier van publikasie bekend te stel. | 4.4.2.5 We will appoint a contact sister in every church to introduce the new form of publication. |
| 4.5 *Saamtrekke* | 4.5 *Gatherings* |
| 4.5.1 Daar was in genoemde tydperk slegs 1 Saamtrek in Maart 2020 gehou. Vanweë die pandemie is die susters in 2021 en 2022 verhinder om landswyd saamtrekke te hou. | 4.5.1 Only one gathering was held during the past term (March 2020). Due to the pandemic the sisters were unable to organise gatherings across the country in 2021 and 2022. |
| 4.5.2 Susters van twee gemeentes, naamlik Centurion en Wapadrant het saamgespan om wel in die begin van 2022 'n Post-Covid Saamtrek 2022 te reël en dit is ons gebed, dat ons soos altyd in samewerking met Dr Wymie du Plessis en die gemeentes DV die Saamtrekke in 2023 sal help adverteer, koördineer en bevorder. | 4.5.2 Sisters of two churches, namely Centurion and Wapadrant, came together to organise a post-Covid gathering at the start of 2022. It is our prayer that in collaboration with Dr Wymie du Plessis and the churches that we will help advertise, coordinate and promote the gatherings of 2023. |
| 4.5.3 Ons beoog, om soos altyd 'n Saamtrek-uitgawe daar te stel in 2023 waarin die toerustingsgeleenthede verwerk sal word tot artikels. | 4.5.3 We aim to, as always, put together a gathering edition in 2023, in which equipping opportunities will be reworked into articles. |
| 4.6 *Uitdagings* | 4.6 *Challenges* |
| 4.6.1 Ons droom om meer intekenaars te werf het nog nie gerealiseer nie – dit is vir ons 'n groot bron van kommer – daar is maar tans 88 intekenare. Ons benodig tans ten minste 500 intekenare om finansieel volhoubaar ons blad te bly uitgee. | 4.6.1 Our dream to attract more subscribers has not yet realised and it is of great concern to us – at the moment there are only 88 subscribers. We need at least 500 subscribers to make our magazine financially sustainably. |
| 4.6.2 Daar is nog genoeg fondse in die Bladbouersfonds beskikbaar om ons die volgende twee jaar te laat voortbestaan. Sake wat ons weet ons nog ernstig kniehalter, is onder andere die volgende sake: | 4.6.2 We have just enough funds in the Bladbouersfonds (magazine building fund) to publish the magazine for the next two years. We struggle with the following matters that we know are still seriously hampering us include the following matters: |
| 4.6.2.1 Die bekendstelling van die blad. Hierin het ons die hulp en | 4.6.2.1 Advertising of the magazine: We urgently need the help and |

| | |
|---|---|
| ondersteuning van alle predikante en Kerkrade – soos *Die Kerkblad* en Slingervel – dringend nodig. | support of all ministers and church councils – as do *Die Kerkblad* and *Slingervel*. |
| 4.6.2.2 Probleme met die intekenaarstelsel wat nie so glad verloop as wat ons gehoop het nie – dit moet nou dringend reggestel word. | 4.6.2.2 Problems with the subscription system that is not functioning as smoothly as we had hoped – it must urgently be rectified. |
| 4.6.2.3 Ons sal verseker meer tyd en aandag moet afstaan aan elektroniese bemarking sodat ons ten minste ons aanvanklike teiken van 500 intekenare kan handhaaf. | 4.6.2.3 We will assuredly need to give more time and attention to electronic marketing to sustain our initial target of 500 subscribers. |
| 4.6.2.4 Ons sal die aanbevole prysstyging van Die Deputate Kerklike Tydskrifte moet implementeer sodra ons probleme met die intekenaarstelsel reggestel is. | 4.6.2.4 We will have to implement the recommended price increase of the Deputies Church Magazines once our problems with the subscription system has been sorted out. |
| 4.6.2.5 Die Redaksie het met skok agtergekom dat ons nog nie 'n skakel vir die webmeester van die GKSA se webblad verskaf het sodat ons blad steeds saam met *Die Kerkblad* en die Slingervel op die GKSA se amptelike webblad bekend te stel en beoog om dit voor hierdie Rapport voor die Sinode dien, reg te stel. | 4.6.2.5 The Editorial staff realised to their shock that we have not yet provided the web master of the GKSA website with a link to introduce the magazine together with *Die Kerkblad* and the *Slingervel* on the GKSA's official website and aim to remedy this before this report is tabled to the Synod. |
| 4.6.2.6 Die feit dat ons ons blad nou digitaal van Die *Gereformeerde Vroueblad* Webblad af bemark en voorsien, beteken geensins dat ons los van die GKSA wil funksioneer of gesien word nie – ons bly deel van die liggaam van Christus soos voorheen. Die betalings vir die blad geskied ook juis veilig d.m.v. *PayFast* en word direk in Die Buro se rekening inbetaal. Hierdie feit moet ook duidelik onder lidmate se aandag gebring word. | 4.6.2.6 The fact that we now market and provide Die *Gereformeerde Vroueblad* digitally from our website does not mean that we wish to function or be seen as independent of the GKSA – we remain part of the body of Christ as always. The payments for the magazine are safely done via *PayFast* and directly paid into the Admin Bureau's account. This must be made clear to all members. |
| 4.7 *Bladbouersfonds* | 4.7 *Magazine Building Fund* |
| 4.7.1 Daar kom steeds skenkings (al is dit heelwat minder) vir ons Bladbouersfonds van die susters uit die GKSA. Omdat die saamtrekke van 2021 en 2022 nie kon plaasvind nie, het die Bladbouersfonds ook skade gely. | 4.7.1 We still receive donations (although much less) for our magazine building fund from sisters in the GKSA, but the inability to hold gatherings in 2021 and 2022 also had a negative impact on this fund. |
| 4.7.2 Ons sal die susters tydens die saamtrekke van 2023 oproep om by te dra tot ons Bladbouersfonds. | 4.7.2 We will call on the sister during 2023 gatherings to contribute to the fund. |
| **Besluit: Punte 4.1 tot 4.7.2 kennis geneem.** | **Decision: Points 4.1 to 4.7.2 noted.** |

| | |
|---|---|
| **5. Dankbetuigings** | **5. Thanks** |
| 5.1 Die Redaksie van Die *Gereformeerde Vroueblad* spreek hulle hartlike dank uit teenoor die Deputate Kerklike Tydskrifte vir hulle leiding en ondersteuning. | 5.1 The Editorial staff of Die *Gereformeerde Vroueblad* expresses its heartfelt thanks to the Deputies Church Magazines for their guidance and support. |
| 5.2 Die Redaksiekommissie vertrou dat hulle die taak wat aan hulle opgedra is, bevredigend uitgevoer het. | 5.2 The Editorial commission trusts that they have fulfilled the task given them satisfactorily. |
| **Besluit: Punte 5.1 en 5.2 kennis geneem.** | **Decision: Points 5.1 and 5.2 noted.** |
| **6. Sake waarvan die Sinode kennis neem:** | **6. Matters that the Synod takes note of** |
| 6.1 *Finansiële verslag* | 6.1 Financial report |
| 6.1.1 Die *Vroueblad* het tot en met Mei 2022 slegs 87 elektroniese intekenare gehad. | 6.1.1 *Die Vroueblad* only had 87 electronic subscribers up and until May 2022. |
| 6.1.2 Daar is nog redelik reserwefondse in die *Vroueblad* se rekening, maar die huidige trant is nie finansieel volhoubaar nie. | 6.1.2 There are still some reserve funds in *Die Vroueblad*'s account, but the current trend is not financially sustainable. |
| 6.1.3 Intekengelde is nie in lyn met die uitgawes nie, daarom sal intekengelde verhoog moet word. | 6.1.3 Subscription monies do not match up with expenses and so subscription fees will have to increase. |
| **Besluit: Kennis geneem in die lig van die besluit by Rapport 23.6.** | **Decision: Noted in the light of the decision at Report 23.6.** |